Hoërskool Goudini
A P Hanekom - Skoolhoof

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

PERSONEEL VERJAARSDAE

17 Maart – Dora Hendricks (Huis Goudini)

Geagte Ouers



PITKOS

Moenie verander sodat mense van jou hou nie. Wees *jouself* en die regte mense sal jou *liefhê*.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE VOLGENDE TWEE WEKE

6 Maart	Wintersport begin	**9 Maart**	Goudini dans
13 Maart	Assesseringsprogram begin	**16 Maart**	o.11 & o.13 rugby teen Hugenote te Boland Landbou
20 Maart	o.13 rugby en netbal vs Worcester-Oos	**21 Maart**	Menseregtedag

SPORTUITSLAE

KAAPSE WYNLAND SKAAK (UITDUNNE I)

Baie geluk aan die volgende medalje wenners: Mornic Jacobs – brons (o.15); Janine Fredericks – brons (o.18); Elzaan Goedeman – brons (o.15); Elzane Goedeman – brons (o.15); She-Earl Fritz – brons (o.15)

MINI-KRIEKET

Saterdag het ons o.7 en o.9 mini-krieket maats deelgeneem aan WPS se jaarlikse mini-krieketdag. Die o.7 maats het teen Bonnievale en Ashton gespeel en altwee wedstryde gewen. Die o.9 maats het teen Robertson Voorbereiding en Ashton gespeel. Hulle het ook altwee wedstryde gewen. Baie geluk!

o.13 KRIEKET

Die o.13 krieketspan het die naweek aan 'n ses-'n-kant kriekettoernooi te FD Conradie deelgeneem. Hulle het een wedstryd gewen en een verloor. Qiurin Kruger was die speler van die dag.

ATLETIEK

Andrya Stofberg het 'n 3de plek vir hoogspring D o.12 by die Wes-Kaap kampioenskappe verower en is opgeneem in die Wes-Kaap span. Sy neem 16 Maart in die Paarl deel aan die SA kampioenskappe. Baie geluk!

LAERSKOOL SPORTDAG

Ons sien baie uit na vanjaar se Laerskool sportdag wat op Saterdag, 24 Maart plaasvind. Daar neem vanjaar twintig o.11 rugbyspanne, 24 o.13 rugbyspanne, 16 o.11 netbalspanne en 20 o.13 netbalspanne deel. Ons nooi u uit om hierdie dag saam met ons te kom geniet!

SBL-VERKIESING

Hoërskool Goudini se SBL-verkiesing vind op Donderdag, 8 Maart om 18:30 in die skoolsaal plaas. Nominasies sluit Woensdag, 7 Maart om 15:00, maar persone kan ook op die aand van die vergadering genomineer word.



MEV DU PLESSIS KRAAMVERLOF

Mev Du Plessis gaan vanaf Maandag, 12 Maart op kraamverlof. Ons wens haar alle voorspoed toe vir hierdie opwindende tyd wat voorlê!

ASSESSERINGS

Leerders wat afwesig is op 'n dag waarop hulle assesserings skryf, word versoek om 'n siekbrief by hul onderwyser of Mev Smit in te handig. Indien dit nie gedoen word nie, sal die leerder nie weer die geleentheid gegun word om die vraestel te skryf nie en 'n 0-punt vir daardie vraestel ontvang.

HOëRSKOOL BRACKENFELL SPORTDAG

As gevolg van wedstryde wat minder gemaak is weens die droogtetoestande in die Kaap, asook die feit dat ons so veel as moontlik hande nodig het met ons Laerskool sportdag, gaan ons Hoërskool spanne nie meer op 24 Maart aan Hoërskool Brackenfell se sportdag deelneem nie.

CAPE KASKAR WINS

Baie dankie aan almal wat bygedra het om van hierdie fondsinsamelingsprojek 'n reuse sukses te maak! Die dag het 'n wins van om en by R28 000 opgelewer.

WINTERSPORTPROGRAM

Hiermee die wintersportprogram vir Dinsdae en Donderdae soos vanaf **Dinsdag, 6 Maart**:

RUGBY			
o.7 / o.8	T Van Reenen / N Van der Merwe	14:00 – 15:00	Kleinveld
o.9	B Hanekom	14:00 – 15:00	Kleinveld
o.11	T Kleinhans	14:00 – 15:15	A-veld
o.13	M Breedt	14:00 – 15:15	A-veld
o.15	N Thiart	14:00 – 15:15	B-veld
o.19	F Van Zyl	16:00 – 17:30	A-veld

NETBAL			
o.7	J Viljoen / E Thomson	13:15 – 14:15	Baan 1
o.8	A Van Greunen	13:15 – 14:15	Baan 2
o.9	J Viljoen	13:15 – 14:15	Baan 3
o.10	W Lotz	14:15 – 15:15	Baan 1
o.11	H Van Wyk	14:15 – 15:15	Baan 4
o.12	A Myburgh	14:15 – 15:15	Baan 3
o.13	M De Lange	14:15 – 15:15	Baan 2
o.14	J Burger	14:15 – 15:15	Hoofbaan
o.16B	J Steenkamp	16:00 – 17:00	Baan 3
o.19B	J Steenkamp	16:00 – 17:00	Baan 3
o.16A	A Van Zyl	16:00 – 17:00	Hoofbaan
o.19A	A Van Zyl	16:00 – 17:00	Hoofbaan

JUKSKEI			
Hoërskool	B Hanekom	14:00 – 15:00	Jukskei baan

LANDLOOP			
Hoërskool	T Van Reenen	14:00 – 15:00	Kleinveld

A P HANEKOM
Skoolhoof
9 Maart 2018